# NOTULE / BESLUITELYS

## ALGEMENE RAADSVERGADERING

**DATUM:** 20 JUNIE 2017
**TYD:** 09:00
**PLEK:** NWK-OPLEIDINGSLOKAAL, LICHTENBURG

AGRI NW

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Mnr Paul du Plessis open die vergadering met Skriflesing uit Jes 12 en ŉ Gebed. "Praat met die Here as jy ŉ behoefte het!" | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Pierre Vercueil heet almal hartlik welkom. | | |
| **3.** | **ORDEREËLINGS** | | |
| | ▪ Mnr Du Toit hou die Ordereëlings aan die vergadering voor.<br>▪ Die Veiligheidskomitee-verslag is as ŉ los dokument saam met die vergaderingdokument uitgedeel vir kennisname. | | |
| **4.** | **PERSONALIA EN MOSIES** | | |
| **4.1** | **LEEDMOSIES** | | |
| | ▪ Me C de Beer oorlede.<br>▪ Mnr D Harman oorlede.<br>▪ Me Yolande Scholtz van Agri Schweizer se pa is oorlede.<br>▪ Mnr Hano Steyn van Lichtenburg is oorlede na ŉ plaasaanval.<br>▪ Mev Van den Berg van Sannieshof is aangerand tydens ŉ plaasaanval.<br>▪ Mnr BC Greyling van Sannieshof is oorlede na ŉ plaasaanval. | | |
| **4.2** | **VREUGDEMOSIE** | | |
| | ▪ Me M Fritz is swanger.<br>▪ Mnr Boeta du Toit het nog ŉ kleindogter ryker geword. | | |
| **4.3** | **VERJAARSDAGWENSE** | | |
| | Gelukwense aan:<br>▪ Mnr Paul du Plessis, 1 Junie<br>▪ Me Marlize Fritz, 13 Julie | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Mnr Boeta du Toit, 23 Julie<br>▪ Mnr Gerrit Jonck, 28 Julie<br>▪ Mnr Cobus van Zyl, 30 Julie<br>▪ Mnr Gideon van Zyl, 1 September<br>▪ Me Wanda Potgieter, 25 September | | |
| **4.4** | **GELUKWENSING** | | |
| | Mnr Theo de Jager wat genomineer en verkies is as Voorsitter van die Wêreld Landbou-Organisasie. | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | Presensielys aangeheg.<br>Verskonings word aangebied vir:<br>Mnre C Faure Agri Christiana<br>J Keet Agri Potchefstroom<br>MG Potgieter Agri Soetdoring<br>F Smit Agri Reivilo / Kommunikasie<br>G Jonck Agri Vryburg<br>N Muller Agri Molopo<br>Me Y Scholtz Agri Schweizer | Bls ??? | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE: PUNT 16** | | |
| | 14.1 Aansoek om Prospekteerregte<br>14.2 Droogtehulp in algemeen. | Sakkie van Zyl<br>Eric van Wyk | |
| **7.** | **NOTULE / BESLUITELYS EN PRESENSIELYS VAN VORIGE VERGADERING: 2016-10-25** | | |
| | Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Paul du Plessis gesekondeer en deur mnr Daan van der Merwe eenparig goedgekeur, nadat die volgende regstelling aangebring is:<br>Bls 6, 5de *Bullet:* Gideon van Zyl vervang met Cobus van Zyl. | | |
| **8.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE EN BESLUITELYS** | | |
| **8.1** | **10.1.4(a) Verkiesing van Arbeid- en Maatskaplike Komitee vir bespreking in die Sakelys onder 10.1 Bestuur en Administrasie.** | Cobus van Zyl | |
| **9.** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD** | | |
| | <u>Uitstaande 2016/17-Affiliasiegelde:</u><br>▪ U aandag word weer eens daarop gevestig dat die lede nié gedurende ŉ finansiële jaar vanaf Ledelyste verwyder kan word en die begroting sodoende omver gegooi word nie. Die oplossing en antwoord bly steeds dat so ŉ lid skriftelik sal bedank of in geval van dood of ander onvermy-delike omstandighede deur die Bestuur van die Affiliasie, skriftelik gemotiveer sal word. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Ooreenkomstig 'n Kongres- en Algemene Raasbesluit bly Affiliasies steeds verantwoordelik vir die affiliasiegeld van alle lede wat op 1 Augustus van 'n finansiële jaar op hul Ledelys verskyn, ongeag die omstandighede van daardie lede.<br>▪ Affiliasiegeldinvorderings en -oorbetalings bly die verantwoordelikheid van Affiliasies.<br>▪ Agri Klippan het op 19 Junie 2017 R25 000 oorbetaal. Hul uitstaande affiliasiegeldbedrag op 31 Mei 2017 was R43 286.10 (BTW en rente ingesluit).<br>▪ Die twee Affiliasies met groot uitstaande 2016/17-Affiliasiegeldbetalingsbedrae se invordering blyk 'n probleem te wees en gaan 'n invloed op die kontantvloei hê:<br>○ Agri Marico-Bosveld: R94 454.30 (BTW en rente ingesluit)<br>○ Agri Schweizer-Reneke: R106 658.64 (BTW en rente ingesluit)<br>▪ Indien die uitstaande Affiliasiegelde nie oorbetaal gaan word nie, sal Agri NW van hul kontant-reserwefondse moet gebruik vir die laaste twee maande se uitgawes van die 2016/17-Finansiële jaar en sodoende dan geen reserwefondse oorhê nie.<br><u>Rekonsiliasie van Ledelyste:</u><br>▪ Affiliasies word versoek om hul lede se noemname op die 2017/18-Ledelyste aan te bring.<br>▪ Die gerekonsilieerde 2017/18-Ledelyste moes voor óf op 31 Mei 2017 aan die Hoofkantoor terugbesorg geword het, sodat die finale ledetalle gebruik kan word vir die finale 2017/18-Begroting wat tydens die Algemene Raadsvergadering goedgekeur moet word..<br>▪ Die ondergenoemde Affiliasies het nie hul 2017/18-Ledelyste gerekonsilieer nie:<br>○ Agri Bloemhof;<br>○ Agri Christiana;<br>○ Agri Lichtenburg;<br>○ Agri Marico-Bosveld;<br>○ Agri Leniesdeel;<br>○ Agri Potchefstroom;<br>○ Agri Opraap;<br>○ Agri Vlakdrif.<br><u>Droogtehulpfonds</u>:<br>▪ Die Droogtehulpfonds se fondse is feitlik uitgeput – dit is hoofsaaklik bestee aan die vervoer-koste van die geskenkte voer na Agri NW-lede.<br>▪ Die Affiliasies of lede wat kontant of voer wil skenk kan mnr Naude Pienaar kontak by 082 776 8283.<br>▪ Vervoer is op hierdie stadium 'n probleem. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | Algemene Bestuur by Affiliasies:<br>▪ Leierskap ontbreek, want lede is nie bereid om leierskaprolle te vervul nie.<br>▪ Onvoldoende administrasie.<br>▪ Dissipline ontbreek.<br>2017/18-Begroting:<br>Mnr Johan Venter lê die 2017/18-Begroting aan die vergadering voor vir die Raad se goedkeuring:<br>**INKOMSTES:** | | |
| ▪ | 2017/18-Affiliasiegeld:<br>Platinum-Lidmaatskap: R2 700.00 (BTW uitgesluit) R3078.00 (BTW ingesluit)<br>Goud-Lidmaatskap: R1 350.00 (BTW uitgesluit) R1539.00 (BTW ingesluit)<br>Silwer-/Erelidmaatskap: R 675.00 (BTW uitgesluit) R 769.50 (BTW ingesluit)<br>**UITGAWES:** | | |
| ▪ | Salarisverhoging: 7.5% | | |
| ▪ | Mediese Fondsbydraes:<br>o Oorweeg om Mediese Fonds in geheel te hersien.<br>o Dispariteit in Mediese Fondsbydraes. | | |
| ▪ | Honorarium (skenking aan Beursfonds):<br>o Kan probleme kry met SARS.<br>o Daar moet ’n debiet- en krediet-boekinskrywing wees. | | |
| ▪ | Dagtoelaag / Vergoeding:<br>VOORSTEL: | | |
| (a) | Mnr Daan van der Merwe stel voor dat Komiteevoorsitters vergoed word teen byvoorbeeld R500 per dag vir hul belangrike werk wat hul vir / namens Agri NW verrig.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | ’n Dringende beroep op Affiliasies gedoen word om hul uitstaande 2016/17-Affiliasiegelde so spoedig moontlik te vorder en oor te betaal. | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Affiliasies kan vir Hessie by Agri NW-Hoofkantoor skakel indien hulle meer wil weet oor die uit-staande affiliasiegelde. | Affiliasies | Deurlopend |
| (c) | Mnre Leon Bellingan en Eric van Wyk sal deur mnr Pierre Vercueil vergesel word om besoeke te bring aan Agri Amalia en Agri Schweizer vir motivering en moontlike leierskap, sodat Agri Schweizer weer kan funksioneer. | P Vercueil<br>L Bellingan<br>E van Wyk | |
| (d) | Affiliasies word versoek om moeite te doen met ledewerwing; | Affiliasies | Deurlopend |
| (e) | Die Beursfonds sal as ’n Uitgawe-Item begroot word op die 2017/18-Begroting - R200 000. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (f) | Die 2017/18-Begroting word op voorstel van mnr Sakkie van Zyl goedgekeur en gesekondeer deur mnr Daan van der Merwe. | Algemene Raad | 2017-06-30 goedgekeur deur AR |
| (g) | Affiliasies versoek word om die Regshulpfondsbydraes ten bedrae van R228.00 (BTW ingesluit) per lid gevorder word en saam met hul 2017/18-Affiliasiegeld oorbetaal word in Agri NW se Regshulp-fondsrekening.<br>Agri NW se Regshulpfondsrekening se besonderhede is as volg:<br>Bank: Absa Geldmarkrekening<br>Takkode: 632005<br>Rekeningnommer: ?????<br>Verwysing: Affiliasie se naam byvoorbeeld Agri Suikerbossie | Affiliasies | |
| (h) | Goedkeuring word verleen vir die betaling van die Regshulpfondsbydraes aan Agri SA na ontvangs van die Fakture vir die onderskeie aksies | Hoofkantoor | |
| (g) | Mnr Venter stel voor dat mnre Pierre Vercueil en Cobus van Zyl hul versoek in verband met die boekinskrywing van die oorplasing van hul Honorarium / Reiskoste na die Beursfonds op skrif te stel en deurstuur aan Hoofkantoor. | P Vercueil | |
| (h) | PWC versoek word om skriftelik te reageer op mnre Vercueil en Van Zyl se versoek (punt g hierbo). | Hoofkantoor / PWC | |
| **10.**<br>**10.1**<br>**10.1.1** | **HOOFKANTOORBESTUUR**<br>**BESTUUR EN ADMINISTRASIE**<br>**INDIENDING VAN REORGANISASIEVORMS** | | |
| | **BESLUIT:** | | |
| (a) | Affiliasies word versoek om hul Affiliasiebesture se kontakbesonderhede deur middel van die Reorganisasievorm aan die Hoofkantoor deur te gee, so spoedig moontlik nadat reorganisasie plaasgevind het. | Affiliasies | |
| (b) | Keerdatum vir indiening van Reorganisasievorms: 23 Julie van elke jaar. | Keerdatum | Jaarliks 23 Julie |
| **10.1.2** | **AGRI NW-GHOLFDAG** | | |
| | Affiliasies neem kennis van die volgende Gholfdag-inligting:<br>▪ Datum: 16 September 2017<br>▪ Plek: Leopard Park, Mahikeng<br>▪ Prysuitdeling en sosiale geleentheid na afloop van die Gholfdag.<br>▪ Eric van Wyk het aangebied om weer die vleis te braai / kos te maak, wat gereël en voorsien moet word deur Agri NW. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Die Komitee bestaan uit: Mnre Willem de Chavonnes Vrugt en Cobus van Zyl.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Affiliasies word versoek om putjies te borg en te beman. Affiliasies kan verskaffers kry om die putjie te borg. | Affiliasies<br>Borge | Deurlopend |
| (b) | Affiliasies versoek word om deel te neem aan die Agri NW-Gholfdag en dat Affiliasies hul produsentespanne so spoedig moontlik inskryf. Dit is sleg as die Landbouverskaffers die putjies borg en meeste van die spelers nie produsente is nie. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| (c) | Affiliasies en produsente word versoek om behulpsaam te wees met die verkryging van skenkings van pryse in die vorm van slagskape, jagnaweke, jagpryse soos wildsbokke, ensovoorts. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| (d) | Mnr Willem de Chavonnes Vrugt sal Affiliasies telefonies kontak in verband met die Gholfdag. | Willem de Chavonnes Vrugt | Deurlopend |
| (e) | Mnre Willem de Chavonnes Vrugt en Cobus van Zyl onderneem om die vleis en bykosse te reël vir die ete na die prysuitdeling,. | Willem de Chavonnes Vrugt<br>Cobus van Zyl | |
| (f) | Daar is R200 000 begroot vir die Gholfdag-Inkomste. ʼn Groot poging in samewerking met die Affiliasies en Borge gaan aangewend word om die bedrag te in. | Willem de Chavonnes Vrugt<br>Cobus van Zyl | |
| (g) | Velox Logistix gaan weer hierdie jaar die Hoofborg wees, maar gaan nie so ʼn groot bedrag soos verlede jaar borg nie. Hulle borg ook weer ʼn sakkie met gholftoerusting vir elke speler. | Velox Logistix | |
| **10.1.3** | **ARBEID- EN MAATSKAPLIKE KOMITEE** | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (a) | Mnre Cobus van Zyl en Pierre Vercueil sal Agri NW verteenwoordig by Agri SA se Arbeid- en Maatskaplike Komiteevergadering vir die interim tydperk totdat ʼn Voorsitter verkies word in Oktober 2017. | Cobus van Zyl<br>Pierre Vercueil | |
| (b | Affiliasies word versoek om ʼn kundige persoon(e) te nomineer vir die Voorsitterskap van die Arbeid- en Maatskaplike Komitee wat tydens Oktober se Algemene Raadsvergadering verkies word. | Affiliasies | So spoedig moontlik |
| (c) | Agri NW ʼn skrywe aan Agri SA rig met hul standpunt dat die Minimum Loon nie kan geld tydens Rampdroogte nie. | Hoofkantoor | |
| (d) | Opleiding by boere promoveer. | | |
| (e) | Opleidingskursusse is in proses en daar is reeds verskeie kursusse by Affiliasies gereël. Affiliasies moet hul behoeftes op skrif stel en deurstuur aan Hoofkantoor. | Affiliasies<br>Hoofkantoor | |
| **10.2** | **JAARKONGRES** | | |
| | Affiliasies neem kennis van die Jaarkongresinligting:<br>▪ Datum: 5 & 6 September 2017 | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Plek: NWK-Opleidingsentrum, Lichtenburg<br>▪ Dinee: 5 September 2017, Lafarge-Ontspanningsklub<br>▪ Tema: Volhoubaarheid deur Eiendomsregsekerheid en Verhoogde Produktiwiteit<br>▪ Kongresfooie: Die Kongresfooie is met paar Rand verhoog. Die fooie is as volg:<br>o R600 - beide dae van die Kongres en Informele Funksie.<br>o R380 - die eerste dag van die Kongres en Informele Funksie.<br>o R220 - die tweede dag van die Kongres.<br>o R220 - Gade/metgesel wat slegs Informele Funksie bywoon.<br>▪ Hoofsprekers: Me Annelize Crosby<br>Regter Gildenhuys van die Grondeisehof<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die Kongressprekers is nog nie gefinaliseer nie. Sodra dit gefinaliseer is sal die Kongresuitnodigings en -program aan Affiliasies gestuur word. Dit behoort in die eerste week van Julie 2017 te geskied. | Hoofkantoor | Jul 2017 |
| (b) | Affiliasies word versoek dat hul moet toesien dat hul afgevaardigdes die Kongres bywoon. | Affiliasies | |
| **11.** | **AGRI NW-JONGBOERVERENIGING**<br>Mnr Gideon van Zyl lig die vergadering in oor:<br><u>Jongboerkonferensie:</u><br>▪ 'n Goeie Jongboerkonferensie is gehou.<br>▪ Die bywoning is beïnvloed deur die stakings wat gehou was in die dorp.<br><u>Jongboertoer</u>:<br>▪ 'n Jongboertoer word beplan om die drie Finaliste te besoek. Die datum sal nog vasgestel word.<br><u>Senwes Toekomsfokus:</u><br>▪ Die datum is 13 September 2017 by Nampo Park, Bothaville.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die Jongboertoer se datum sal aan die Affiliasies deurgestuur word. | | |
| (b) | Die Senwes Toekomsfokusdag se datum is 13 September 2017. Affiliasies sal kennis gegee word . | | |
| **12.**<br>**12.1** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**LANDELIKE VEILIGHEIDSKOMITEE** | | |
| | ▪ Affiliasies neem kennis van die Landelike Veiligheidsdokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Web-blad.<br>▪ Mnr Du Toit versoek dat lede hulself bemagtig met die Veiligheidsdokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Web-blad. | | |

▪

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Mnr Pretorius rapporteer vir kennisname dat Agri NW, TLU SA en Afriforum poog om die verdeling wat daar heers te stop deur betrokke te raak by sake van gemeenskaplike belang tot voordeel van die lede.<br>▪ ŉ Ernstige bedreiging wat tydens die afgelope gebeure na vore gekom het, is die onverantwoordelike gebruik van die sosiale media deur persone wat ŉ onbeheerbare situasie probeer skep deur die weergee van vals berigte en feite. Ons sal moet leer om ons leiers te vertrou en onsself daarvan te weerhou om ongetoetste boodskappe te versprei.<br>Slegs inligting van ŉ bekende geïdentifiseerde persoon moet op gehandel word. Werklike inligting is ontvang van so ŉ persoon met persoonlike sigbaarheid van ŉ situasie. Alle ander inligting moet bevestig word. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Veiligheid. | Affiliasies / Webblad | |
| (b) | Bewusmaking van jou eie verantwoordelikheid ten opsigte van jou eie veiligheid en inskakeling by beskikbare strukture / groepe in jou eie gebied. | | |
| (c) | Bywoon van *Cluster*-vergaderings is uiters belangrik. | Affiliasies | |
| (d) | Veiligheid moet elke persoon se verantwoordelikheid wees. | Lede / Affiliasies | |
| (e) | Affiliasies se veiligheidsinisiatiewe moet in plek wees. | Affiliasises | |
| (f) | Affiliasies moet paraat wees om sodoende die onheil weens onbetrokkenheid te vermy. | | |
| (g) | Affiliasies versoek word om die Gebeurlikheidsplanne en Wenke deur te gee aan hul lede. | Affiliasies | |
| (h) | Affiliasies versoek word dat hul Veiligheidskomiteeverteenwoordigers *Whatsapp*-groepe stig in hul onderskeie gebiede, maar dat die *Whatsapp*-groepe beheerd moet wees. Dit moet deur twee of drie persone hanteer en uitgestuur word. | Affiliasies | |
| (i) | Die Raad gee hul toestemming vir die samewerking tussen Agri NW, TLU SA en Afriforum tot voordeel van die lede. Kry ŉ gemeenskaplike plan wat werk. Bedreigings vir al drie Organisasies is dieselfde. | Agri NW<br>TLU SA<br>Afriforum | Deurlopend |
| **12.3** | **LANDBOU-ONTWIKKELINGSKOMITEE** | | |
| | <u>Waardeerder-Generaal:</u><br>▪ Die vergadering met die Waardeerder-Generaal was nie baie suksesvol nie. Dit was ŉ onbevredigende gesprek met groot verskille in die interpretasie van definisies wat vaag gestel is.<br>▪ Hy sê verder dat die Waardeerder-Generaal geen begrip toon vir Landboufinansiering en die verhouding tussen die bate- en skuldlasverhouding in Landbou, asook die rol wat grond speel as sekuriteit vir Landbouproduksiefinansiering nie. | | |

▪

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Voorts meld hy dat die Waardeerder-Generaal nie bewus was dat die keerdatum vir die lewer van kommentaar op die voorgestelde Konsepregulasies verstryk het op 21 Junie 2017 nie.<br>▪ Verteenwoordigers is nie daarvan oortuig dat die kommentare wat op die Regulasies gelewer is, enigsins in ag geneem sal word nie.<br>▪ Daar bestaan waarskynlik regsgronde vir Agri SA om 'n Hofinterdik teen die Departement te verkry, omdat hulle reeds die Regulasies toepas nog voordat dit goedgekeur is<br>▪ Die Regulasies se gebruik in die Waardasies van grond verskaf ook genoeg regsgronde om waar-dasie as onwettig en ongeldig te verklaar en onder hersiening te laat neem. Daar bestaan dus dui-delike gronde om die huidige proses as ongeldig en onwettig te verklaar. | | |
| | <u>Grondplafonne Konsepwetgewing:</u> | r | |
| | Mnr Du Toit sê dit is duidelik dat die Regering geen waarde heg aan Landbougrond nie. Hulle gaan eenvoudig net voort met die implementering van grondplafonne al is dit onder hul aandag gebring dat dit tot groot werksverliese gaan lei en tot 'n drastiese verhoging in voedselpryse. Hulle besluite is absoluut op politieke redes gebaseer en nie op rasionaliteit nie. Hy sê verder dat die herverdeling van grond 'n populistiese idee is en dat Agri NW / Agri SA dit op een of ander manier by die publiek sal moet tuisbring dat dit aanleiding gaan gee tot groot werksverliese en hoër voedselpryse. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die grondwetlikheid van die Regulasies moet bevraagteken word. | | |
| | <u>DLRC:</u> | | |
| | Mnr Du Toit meld dat die brief nie opgestel is deur die kantoor nie, aangesien daar bepaalde ontwikkeling rondom die DLRC was. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die brief moet opgestel word aan die hand van mnr Willem de Chavonnes Vrugt se brief, soos ingebind in die vorige Uitvoerende Komiteevergadering se Aanvullende Aanhangsels, bl 1 tot 2. | P du Toit | So gou moontlik |
| | <u>RESTITUSIE-WYSIGINGSWETSONTWERP:</u> | | |
| | Konsepkommentaar op die Wetsontwerp is aan Affiliasies gesirkuleer en by die Parlement ingedien. Hierdie is 'n privaatlede Wetsontwerp en die eerste stap is dat die Portefeuljekomitee moet besluit of dit wenslik of andersins is. | | |
| | <u>REGULASIES INGEVOLGE DIE WETSONTWERP OP DIE BESIT VAN LANDBOUGROND</u> | | |
| | Agri SA se kommentaar hieroor is ingedien. Die Wetsontwerp sal nou na NEDLAC verwys word en sal daarna in die Parlement ter tafel gelê word. Agri SA se Regspan het aangedui dat sekere aspekte van die Wetsontwerp waarskynlik ongrondwetlik is. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die grondwetlikheid van die Regulasies moet bevraagteken word. | Agri NW-Hoofkantoor | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ***LAND HOLDINGS BILL:***<br>Mnr Willem de Chavonnes Vrugt spreek sy bekommernis uit oor die *Land Holdings Bill*. Daar is klomp goed wat gelyk op een Wetgewing gesit word. Hy sê verder dat die grondbedreiging nou die grootste is wat dit nog ooit was. Hy sê ook dat Agri NW en Agri SA se insette ten opsigte van hierdie Wet van groot belang is. Agri NW wil nie aan ŉ Wet verbeter wat ongrondwetlik is nie. Agri NW / Agri SA staan vir die vryemark-opset. Ons houding teenoor hierdie verandering aan hierdie Wet moet kliphard wees. Hy stel voor dat Agri NW / Agri SA Grondwethof toe moet gaan oor hierdie veranderinge aan die Wet. Hy noem ook dat ons baie steun sal kry by die privaatsektor. Hy noem dat ons hopeloos tekort skiet om die blootstelling van die Regering se oneffektiwiteit in die openbaar bekend te maak – vir hulle gaan alles oor stemme.<br>Hy noem dat dit belangrik is dat Agri SA Komitees het wat bydrae tot beleidsvorming. Dit is duidelik dat die Zuma-Regering ŉ weldeurdagte plan het om grond te bekom – daarom is daar min tot geen droogtehulp. Agri SA moet aanhou om Wetgewing af te dwing. Agri SA en Agri NW se oorhoofse strategie moet wees om korrupsie aan die kaak te stel en die korrupte elemente binne die Regering uit te mergel. Die Staat het R90 Miljard spandeer aan grondhervorming. Tot op hede is bitter min grond oorgedra as gevolg van korrupsie. Agri SA en Agri NW sal sterker uitsprake in die Media moet maak teenoor die mislukte Regering en hul korrupsie en die blootstelling daarvan.<br>**BESLUIT:** | | |
| (a) | Indien Agri NW bevind dat enige veranderings aan Wette ongrondwetlik is, moet ons Agri SA duidelik laat verstaan dat ons nie saamstem nie en hul as Organisasie vir grondvlak-lede daarteen moet baklei al beteken dit dat sake in die Grondwethof moet gaan draai. | Agri NW | |
| **12.4**<br>**12.4.1** | **KOMMERSIËLE KOMITEE**<br>**VERVOERKOÊTEE** | | |
| | ▪ Mnr Du Toit meld dat dit ŉ probleem is om ŉ afspraak met die Departementshoof van die Departement van Openbare Werke en Behuising te maak, sodat probleme bespreek kan word.<br>▪ Die dokument oor die Regsvereistes vir die herstel van paaie is op aanvraag van sekere Affiliasies vir hul gestuur. Dit is ook op die Webblad beskikbaar.<br>▪ Mnr Du Toit sê dat daar interdepartementeel saamgewerk kan word met die Weermag om diesel goedkoper te kry vir padskrapers.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Gaan kyk weer na "*hot spot*"-gebiede waar daar padprobleme is en rig ŉ versoek aan die Plaaslike Regering om dringend aandag daaraan te gee. | Affiliasies | Deurlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (c) | Bekom inligting oor hoe 'n pad self geskraap kan word. | L Bellingan<br>G van Zyl | So spoedig moontlik |
| (d) | Vind uit hoe gereeld paaie geskraap moet word. | E van Wyk | |
| (e) | Stel 'n Riglyndokument op vir Agri NW oor hoe die padbeskrywingskoste hanteer gaan word. (Kyk na die Oos-Kaap se plan.) | P du Toit | So spopedig moontlik |
| (f) | Gesprek moet gevoer word met Paaiedepartement – onderhandelde poging. | Agri NW-Hoofkantoor / E van Wyk | |
| (g) | Skrywe rig aan Paaiedepartement en verwys na Oos-Kaap se Hofsaak. | | |
| (h) | Gestruktureerde Ooreenkoms met Departement plus Sperdatums opstel. (Wettige onderneming hê en Vrywaring moet daarin vervat word.) | | |
| **12.4.2** | **ELEKTRISITEIT** | | |
| | <u>VERKLARING VAN DISPUTE MET ESKOM EN WATERWESE IN GEVAL VAN ONREGMATIGE REKENINGS EN ONREGMATIGE LYNHEFFINGS</u><br>Mnr Du Toit meld dat mnr Johan Venter vordering met die dispute met Eskom en Waterwese aan die Uitvoerende Komiteevergadering op 13 Junie 2017 kom rapporteer het. Hy rapporteer as volg:<br>▪ Hy is aan die einde met samesprekings met NERSA.<br>▪ Vier interdikte is teen Eskom verkry.<br>▪ Gesprekke met mnr Faurley is gehou om te probeer om die sake uit die Hof te hou. Volgens mnr Faurley redeneer Eskom dat as die lynheffings nie op hul webblad verskyn nie, is die heffings nie goedgekeur nie. Hy het aan mnr Faurley gemeld dat hy die Hofsaak sal terugtrek op voorwaarde dat die bestaande dispute voorkeur kry.<br>▪ Al hierdie dispute is op die register aangeteken.<br>▪ Op 1 Mei 2017 was daar 'n minagting van die Hofbevel teen mnr Faurley wat beteken dat hy tronk toe kan gaan. Daar is toe bevind dat nie een van die 2014-dispute op rekord by Eskom is nie, waarop mnr Johan Venter toe die bewyse aan hul gestuur het dat hy dit wel aan hul gestuur het en dat hul vir ontvangs daarvan geteken het<br>▪ Eskom het toe versoek dat mnr Johan Venter weer die dispute aan hulle stuur. Dit is toe per Geregistreerde Pos aan hulle gestuur - Bloekomsrus, Hein Kruger en die Oberholzer-dispute, want hy voel as hierdie dispute uitgesorteer kan word sal al die ander dispute uitgesorteer kan word.<br>▪ Mnr Venter het 'n E-pos ontvang dat die dispuut tussen Venter en Ramotshere weg is.<br>▪ Eskom is besig om die Afrika-speletjie te speel.<br>▪ Mnr Johan Venter gaan nou die dispute oor verklaar en hy gaan die lynheffings bysit – hy gaan dit bekla teen Makoena. | | |

▪

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Eskom dreig nou om die “*transformers”* van plase af te verwyder – waarop hy hul gewaarsku het as hul daaraan raak sal hy ŉ Hofinterdik teen Eskom kry wat hul verbied om dit te doen.<br>▪ As daar te veel tyd verloop met die dispute gaan Mnr Johan Venter hulle aanmaan.<br>▪ Om bogenoemde te doen is dit nodig dat daar ŉ Organisasie gestig word in wie se naam hy kan optree as *Locus Standi* namens die lede / boere. *Locus Standi* beteken die reg om ŉ saak na die Hof te bring. Die proses is duur om per individu te doen.<br>▪ Rakende die lynfunksie word elke “*transformer*” belas – wat nie sin maak nie!<br>▪ Boere by Mabaal word belas vir die instandhouding van pale waar dit in elk geval afgetak word na die dorpe toe en dit is dus eintlik die Munisipaliteite se verantwoordelikheid.<br>▪ Tariewe moet op koste-effektiewe studies gebaseer word – dit word tans nie so gedoen nie!<br>▪ Alle lyntariewe moet deur NERSA goedgekeur word en NERSA sê hulle het nie die lynheffings goedgekeur nie. Mnr Venter het verneem wat die tariewe is wat NERSA wel goedgekeur het en wil ook weet waar kom hierdie lynheffings vandaan. NERSA keur koste per kW per uur goed. Die lid / boer moet dus net die koste per kW per uur betaal en die lynheffings is veronderstel om by hierdie koste ingesluit te wees.<br>▪ Eskom sê boere / lede gebruik 3% wat volgens mnr Johan Venter onmoontlik is.<br>▪ In kort moet alle kW per uur alle heffings en toelaes insluit en dit moet dan deur NERSA goedge-keur word.<br>▪ Dit is Eskom se verantwoordelikheid om pale en “transformators” te herstel en onderhou.<br>▪ Sewentig persent van ŉ Munisipaliteit se kostes moet aan onderhoud bestee word en 30% moet as wins gesien word.<br>▪ Waarom moet die onderderhoudskostes se las op die boere / lede wees – op grond van onrede-likheid kan Eskom hieroor Hof toe gevat word.<br>▪ ŉ Munisipaliteit koop krag op groot maat aan. Die eerste 50kW is gratis afhangende van die boer se werker se inkomste. Die volgende 350kW wat jy teen bogenoemde kry, kry jy teen ŉ baie laer prys (Eskom het ŉ “*incremental block*”-sisteem) – slegs lokasies kwalifiseer hiervoor en nie plaas-werkers nie. Eskom verwag die boer moet hiervoor betaal.<br>▪ Eskom kry 15 dae om op dispute te reageer. Indien hulle nie reageer nie word ŉ interdik teen hul verkry in die Pretoriase Hooggeregshof.<br>▪ Mada moes ŉ gebiedende interdik kry wat ŉ mediasieproses beteken.<br>▪ Eskom moet al die redes vir die onderskeie fooie uiteensit en aan mnr Venter verskaf.<br>▪ In die Elektrisiteitsregulasiewet word bepaal dat hierdie kostes verhaal mag word – die toepassing van die Wet is ŉ probleem nie die Beleid nie. Die Beleid is baie duidelik. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Artikel 36 se Handves van Regte sê:<br>o ʼn Tarief hoef nie redelik te wees nie, maar as dit onredelik is, moet dit aan sekere vereistes voldoen.<br>o Eskom kan nie ontbondel nie – ʼn plaas se krag is reeds ingewerk, maar as dit by die boer kom ontbondel Eskom die krag.<br>o Zeerust betaal R29 Miljoen per jaar vir krag – vir die armlastige gedeelte word die Munisipaliteit ekstra vergoed. Ekstra “*grants”* word gekry om infrastruktuur binne die Munisipaliteit op te bou. Die Munisipaliteit se wins is geweldig hoog – die koste van 70% wat hulle voorgee is nie so hoog nie.<br>o Eskom verhaal sy kostes teen die klein verbruiker.<br>▪ Die proses wat gevolg moet word is as volg volgens mnr Johan Venter<br>o Volgens die Wet op Inligting het Eskom 30 dae tyd om inligting te verskaf. As hulle nie reageer nie kan jy direk Hof toe gaan.<br>o Die dispute moet nou aangevra word.<br>o Hein Kruger en die Bloekomsrus-dispute is hier krities belangrik vir die stigting van die Noordwes Maatskappy.<br>o Persone gee die volmag aan die Noordwes Maatskappy, sodra NERSA sê hulle het nie die lynfooie goedgekeur nie.<br>o In die dispute is die volgende vervat:<br>▪ Foutiewe Rekeninge;<br>▪ Lynheffings; en<br>▪ Rente.<br>▪ Die Grondwet van NERSA bepaal hoe besluite geneem moet word. Dit beteken dat elke jaar as Eskom ʼn verhoging aanvra, hul eers met die boere / lede moet konsulteer. Dit moet reggestel word want tans is dit net ʼn “*Roadshow*”.<br>▪ Hoekom is ʼn klas-aksie nie die eerste keuse nie?<br>o Die Hof moet ʼn Voorman aanwys.<br>o Alle persone wat deur hierdie besluit geraak word moet in kennis gestel word.<br>o ʼn Klas-aksie is net van toepassing op persone wat deelgeneem het aan die hele proses.<br>o Dit is ʼn baie duur proses.<br>o Daar kan nie na die tyd weer so ʼn klas-aksie geloods word as dit reeds gedoen is nie.<br>▪ Mnr Venter meld wat besig is om in die praktyk te gebeur is dat Eskom en NERSA daarop uit is om die boer / lid te ontmagtig en boere/lede staan nie teen hulle op nie. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Elektrisiteit gaan onbekostigbaar raak op plase.<br>▪ Ten opsigte van water gaan water eers in dorpe en lokasies verdeel word dan eers gaan boere se damme water kry.<br><u>Opsommend:</u> | | |
| | ▪ Drie dispute verklaar word deur mnr Venter; | J Venter | |
| | ▪ Die stigting van ’n *Locus Standi* Maatskappy is nodig. Die koste daaraan verbonde is R3 500 en daar moet drie Direkteure aangewys word. | Agri NW-Dagbestuur | |
| | ▪ Hierdie Maatskappy kan dan enige dispuut verklaar – die Maatskappy se naam moet dus geskik wees soos byvoorbeeld Noordwes | Agri NW-Dagbestuur | |
| | ▪ Die Uitvoerende Komitee het die saak verwys na die Algemene Raad vir hul goedkeuring. | P du Toit | |
| | ▪ Mnr Johan Venter sal die dispute en administrasie daarvan hanteer. | J Venter | Deurlopend |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | ’n Afspraak met me Annatjie Swanepoel gereël word. | P du Toit | So gou moontlik |
| (b) | Affiliasies moet hul lede versoek om aan die Klantediensforums te behoort en by te woon. | Affiliasies | Deurlopend |
| (c) | Klagtes kan deur middel van die Klantenavraagvorm aan die Hoofkantoor deurgegee word vir verdere optrede / rapportering aan me Swanepoel. | Affiliasies | Deurlopend |
| (d) | Aangesien dit ’n belangrike saak is vir elke boer wat elektrisiteit gebruik, en as beste opsie is om ’n bevel teen NERSA te verkry om aandag aan die dispute te gee, steun die vergadering die inisiatief. | Algemene Raad | |
| (e) | Die detailinligting wat deurgegee is in verband met die Hofsaak moet as VERTROULIK hanteer word, want indien inligting uitlek kan dit die saak benadeel. Affiliasies kan slegs die beginsel van die saak aan hul Affiliasies deurgee. | Lede / Affiliasies | |
| (f) | Die Algemene Raad keur goed dat alle lede in die onderskeie Lidmaatskapkategorieë van Affiliasies, R228 (BTW ingesluit) per lid oorbetaal aan die nuutgestigte Regsfonds wat vir alle Hofsake wat deur Agri NW aangepak word, te betaal met Affiliasiegeldbetalings. | Lede / Affiliasies | |
| **13.**<br>**13.1** | **BEDRYFSORGANSASIES**<br>**NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| | ▪ Mark- / Vleispryse is beter as die vorige jaar.<br>▪ ’n Baie suksesvolle Kongres is aangebied. Voorleggings is op Webblad beskikbaar.<br>▪ ’n Kursus oor voeding en weiveld word vanaf 3 tot 7 Julie vir die Ontwikkelende Boere aangebied by Agri Wildebeeshoorn.<br>▪ Weidingstoestande is beter.<br>▪ Sorg dra dat Brandverenigings funksioneer en vuurvegters op gereedheidsgrondslag is. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Lede moet sorg dat hul brandpaaie geskraap is.<br>▪ Wees bedag vir onbekende bakkies met waentjies in jul onderskeie gebiede. Veediefstal is aan die orde van die dag.<br>▪ Sorg dat lede paraat is en dat daar goeie kommunikasie is tussen lede veral in noodsituasies soos veediefstal.<br>▪ NKLH hou op 21 Julie 2017 'n Rooivleisdag te Vryburg.<br>**BESLUIT:** | | |
| (a) | Affiliasies kan 'n skrywe aan die kantoor stuur indien daar 'n behoefte is vir die aanbied van 'n spesifieke kursus in hulle gebied. | Affiliasies | |
| **13.2.** | **GRAAN SA** | | |
| | ▪ Mnr Derick Mathews is verkies as Vise-Voorsitter van GSA. 'n Gelukwensingsbrief sal aan hom gestuur word.<br>▪ Nampo is deur 79 000 mense bygewoon.<br>▪ Ongeveer 4 Miljoen ton moet uitgevoer word voor April 2018. | Agri NW-Hoofkantoor | |
| **14.**<br>**14.1** | **AANVULLENDE SAKE**<br>**AANSOEK OM PROSPEKTEERREGTE** | | |
| | Mnr Sakkie van Zyl sê dat:<br>▪ Boere langs die Vaalrivier tot by die Bloemhofdam het kennisgewings gekry oor Prospekteerregte. Dit is merendeels Staatsgrond.<br>▪ Beswaar is aangeteken by Jopie van Zyl Prokureurs. Hulle sal gekontak word om te verneem van die vordering van die saak.<br>**BESLUIT:**<br>Die nuwe Direkteur in mnr Pieter Swart se plek sal gekontak word en versoek word om dringende aandag aan die saak te gee. | N Pienaar | |
| **14.2** | **DROOGTEHULP IN DIE ALGEMEEN**<br>▪ Die Affiliasies wat kontant of voer wil skenk kan mnr Naude Pienaar, wat as koördineerder optree, kontak by 082 776 8283.<br>▪ Vervoer blyk net 'n probleem te wees op hierdie stadium, maar ernstige aandag word daaraan gegee. | | |
| **15.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir 2017-10-20 om 09:00 by die Lafarge Ontspanningsklub, Lichtenburg. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **16.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank afgevaardigdes vir hul deelname en waardevolle insette tydens die vergadering, asook hul harde werk vir hul Organisasie en die Georganiseerde Landbou. Daar is groot waardering daarvoor. 'n Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **17.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Mnr Pierre Vercueil sluit die vergadering af met 'n gebed, waarna dit om 14:05 verdaag. | | |

………………………………………………………… ……………………………………… …………………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**